TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN S.A.
POSBUS 55549
ARCADIA
0007
25 November 1996

Geagte Lid,

Soos belowe is hierdie dan die laaste stukkie nuus vir 1996, wat saam met Oom Piet Bester se Vastrapper uitgestuur word.

1. **NUWEJAARSBOODSKAP :** Die volgende is van die Voorsitter van die TBK ontvang :
"Nog 'n jaar snel ten einde en kan ek met genoeë terugkyk na 'n wonderlike jaar vir ons eie Tradisionele Boeremusiek. Dit is dan ook met hierdie gedagtes dat ek graag vir 1997 vir elke lid net die beste wil toewens. Mag die Here die Hoofpersoon in elkeen se lewe wees en dat Gesondheid, Liefde en Geluk by elkeen sal wees vir die hele 1997. Dankie dat u help bou en bewaar het aan ons eie Boerekultuur, naamlik ons geliefde Tradisionele Boeremusiek. TBK groete. Jasper Vlok."

2. **VAN DIE HOOFBESTUUR :** Hiermee wil die hoofbestuur van die TBK sy dank en waardering uitspreek aan u almal wat die afgelope jaar die verskillende takke ondersteun en 'n bydrae gelewer het - al is dit hoe klein - dit word baie waardeer. Aan almal wat 'n briefie in die pos gegooi het net om dankie te sê vir die werk wat die TBK bestuur doen, baie dankie. Aan al die orkeste en musikante wat op byeenkomste opgetree het, baie dankie vir jul onbaatsugtige ondersteuning - julle het baie bygedra tot die bevordering van tradisionele boeremusiek. Ook aan almal wat "agter die skerms" werk vir die TBK gedoen het, 'n hartlike dank - ons wens ons kon elkeen 'n handdruk gegee het net om dankie te sê.

Aan almal wat geliefdes die afgelope jaar verloor het, bid ons krag en sterkte toe en ons hoop en vertrou dat u die krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan. Ons deel in u leed.

Waar ons dan nou aan die vooraand van 'n nuwe jaar staan wil die hoofbestuur dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u, u gesin en familie-lede elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1997 toe te wens. Mag al u drome, voornemens en wense vir 1997 bewaarheid word. Mag die beste van 1996 die slegste in 1997 wees. As u met vakansie gaan, ry versigtig en geniet u rustydjie en ons hoop u kom weer veilig tuis, goed uitgerus en lus om die probleme van 1997 (wat dit ook al mag wees) vierkantig in die oë te kyk en 'n nietigheid daarvan maak.

3. **Byeenkomste vir 1997 :** Die volgende datums is aan ons bekend :
   a. **Pretoria-tak :** 31 Desember (Oudag se Oujaarsaand dans), 1 Februarie, 12 April - Akasia stadsaal (Kontakpersone : Paul & Tiena Stemmet (012) 376-2176 of Tom Adams (012) 71-3700
   b. **Wesrand-tak :** 25 Januarie, 3 Mei - Roodepoort stadsaal (Kontakpersoon : Oom Ben Low (011) 764-2205
   c. **Bloemfontein-tak :** 8 Maart (10de bestaansjaar), 10 Mei - Posduifsaal, Bloemfontein (Kontakpersone : Neels Botha (051) 333-111 (H) of Jasper Vlok (051) 222-650 (W) of 522-1839 (H)
   d. **Hartswater-tak :** 15 Maart (10de bestaansjaar). Kontakpersoon : Oom Ben Bester (053) 474-0269
   e. **Vaaldriehoek-tak :** 31ste Desember - Oujaarsdans Mimosa Karavaanpark & die 8ste Februarie - Mimosa Karavaanpark. Beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar. Kontakpersoon : Peet van Staden (016) 812-605
   f. **Pietersburg-tak :** 1ste Februarie - Polisie Ontspanningsaal. Kontakpersoon : Oom Piet Bester (0152) 293-1374

Ons sal met die eerste nuusbrief volgende jaar weer 'n volledige lys van byeenkomste vir die hele jaar stuur. Die datums hierbo is maar net om u jaar beplanner in te vul !

4. Die volgende nuwe laserskywe (CD's) en kassette is nou by Mev Gerda du Plessis beskikbaar :
   a. Dawid de Lange Vol 3 CD R60-00 Kasset R40-00
   b. TBK 15 Goue Jare CD R60-00 Kasset R40-00

Neem ASB kennis dat Gerda nie tussen 6 Desember en 14 Januarie tuis sal wees nie.

Beste wense en tradisionele boeremusiekgroete van huis tot huis.

Adams

(T.E. ADAMS (TOM) : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK VAN S.A.)